



Mev. Angie Motshekga,  
Minister van Basiese  
Onderwys



Mnr. Enver Surty,  
Adjunkminister van  
Basiese Onderwys

Hierdie werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr. Enver Surty.

Die Reënboog-werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys wat daarop gemik is om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie, en is deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie moontlik gemaak. Aldus is die Departement in staat gestel om die boeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind, en dat dit u sal help om seker te maak dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die werkboeke is voorsien van ikone wat aandui wat die leerders te doen staan.

Ons hoop ook dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle gaan geniet. Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie werkboeke toe.



ISBN 978-1-4315-0159-5



Gepubliseer deur die Departement van Basiese Onderwys  
222 Struben Street  
Pretoria  
Suid-Afrika

© Departement van Basiese Onderwys  
Vyfde uitgawe 2015

Skrywer span: Blom, L., Tshabalala, L., Aitchison J.J.W.



Die Departement van Basiese Onderwys het alles moontlik gedoen om kopiereghouers op te spoor, maar indien enigiets per ongeluk oor die hoof gesien is, sal die Departement met die eerste geleentheid graag die nodige regstellings maak.

WISKUNDE in AFRIKAANS – Graad 4, Boek 2


ISBN 978-1-4315-0159-5

Hersien volgens  
die KABV



Graad **4**

Naam: \_\_\_\_\_  
Klas: \_\_\_\_\_



WISKUNDE IN AFRIKAANS  
GRAAD 4 – BOEK 2  
KWARTALE 3 & 4  
ISBN 978-1-4315-0159-5  
HIERDIE BOEK MAG NIE  
VERKOOP WORD NIE.


WISKUNDE IN  
AFRIKAANS

Boek 2  
Kwartaal  
3 & 4



basic education  
Department:  
Basic Education  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Inhoud



## X Vermenigvuldigingstafel

$$2 \times 2 = 4$$

1	2	3	4	5	6	7	8	9	10
2	4	6	8	10	12	14	16	18	20
3	6	9	12	15	18	21	24	27	30
4	8	12	16	20	24	28	32	36	40
5	10	15	20	25	30	35	40	45	50
6	12	18	24	30	36	42	48	54	60
7	14	21	28	35	42	49	56	63	70
8	16	24	32	40	48	56	64	72	80
9	18	27	36	45	54	63	72	81	90
10	20	30	40	50	60	70	80	90	100

No.	Onderwerp	Bladsy
65	Kapasiteit	2
66a	Nog kapasiteit	4
66b	Nog kapasiteit (vervolg)	6
67a	Nog meer kapasiteit	8
67b	Nog meer kapasiteit (vervolg)	10
68	Kapasiteit, massa en breuke	12
69	Ekwivalente breuke	14
70	Nog ekwivalente breuke	16
71	Nog meer ekwivalente breuke	18
72	Vergelyking, orden en optelling van breuke	20
73	Optelling van breuke	22
74	Nog optelling van breuke	24
75	Breukprobleme	26
76	Getalle 0 tot 5 000	28
77	Rond af tot die naaste 1 000	30
78a	Optelling en aftrek van 4-syferheelgetalle: afbreek van getalle	32
78b	Optelling en aftrek van 4-syferheelgetalle: afbreek van getalle (vervolg)	34
79	Nog optelling en aftrekking van 4-syferheelgetalle: afbreek van getalle	36
80	Optelling en aftrekking van 4-syferheelgetalle: opvulling van tiene deur die getal wat opgetel moet word, af te breek	38
81	Nog optelling en aftrekking van 4-syferheelgetalle	40
82	Aansigte	42
83	Meer aansigte	44
84	Poligone (veelhoekes) en sirkels	46
85a	2-D vorms	48
85b	2-D vorms (vervolg)	50
86	Dataversameling	52
87	Meer data	54
88	Piktogramme	56
89	Piktogramme en staafgrafieke	58
90	Data-siklus	60
91	Sirkelgrafieke	62
92	Numeriese patrone	64
93	Nog numeriese patrone	66
94	Vloeiagramme: inset en uitset	68
95a	Optelling en aftrekking: afbreek van getalle	70
95b	Optelling en aftrekking: afbreek van getalle (vervolg)	72
96	Nog optelling en aftrekking: afbreek van getalle (vervolg)	74
97	Gebruik 'n begroting om geld probleme op te los	76
98a	Veelvoude	78
98b	Veelvoude (vervolg)	80
98c	Nog veelvoude	82
99a	Vermenigvuldig: 2-syferheelgetalle met 2-syferheelgetalle en 3-syferheelgetalle met 1-syferheelgetalle en 2-syferheelgetalle	84
99b	Vermenigvuldig: 2-syferheelgetalle met 2-syferheelgetalle en 3-syferheelgetalle met 1-syferheelgetalle en 2-syferheelgetalle (vervolg)	86
100	Die gebruik van benadering in vermenigvuldiging	88

101	Vermenigvuldiging deur afbreking van die tweede getal	90
102	Eienskappe van getalle	92
103	Basiese bewerkings	94
104a	Saamgestelde vorms	96
104b	Saamgestelde vorms (vervolg)	98
105	Getalle 0 tot 10 000	100
106	Optel en aftrek met verdubbeling en halvering	102
107	Optel en aftrek van 4-syferheelgetalle: afbreek van getalle	104
108	Nog optel en aftrek van 4-syferheelgetalle: afbreek van getalle	106
109	Optel en aftrek van 4-syferheelgetalle: opvul van die getal	108
110	Optel en aftrek van 4-syferheelgetalle: opvul van die tiene	110
111	Swaarder of ligter	112
112	Meetinstrumente vir massa en gewig	114
113a	Weeg voorwerpe	116
113b	Weeg voorwerpe (vervolg)	118
114	Massa: Omskakeling van meeteenhede	120
115	Nog weeg van voorwerpe	122
116	Eienskappe van 3D voorwerpe	124
117	Maak 3D voorwerpe	126
118	Beskryf, orden en vergelyk gewone breuke	128
119	'n Breuk van 'n getal	130
120	Tiendes	132
121	Nog tiendes	134
122	Breukprobleme	136
123	Nog breukprobleme	138
124	Groepering en verdeling	140
125	Deling: 3-syferheelgetalle met 1-syferheelgetalle	142
126	Verhoudings en deling	144
127	Omtrek, lengte en breedte	146
128	Oppervlakte meting in vierkanteenhede	148
129	Oppervlakte	150
130	Volume	152
131	Meer oor volume	154
132	Nog meer oor volume	156
133	Kaartwerk	158
134	Posisie en beweging – nog kaartwerk	160
135	Tesselasie	162
136	Beskryf patrone	164
137	Meer oor die beskrywing van patrone	166
138	Meetkundige patrone	168
139	Nog meetkundige patrone	170
140	Aftrekking: afbreek van getalle volgens plekwaarde	172
141	Optelling en aftrekking van 4-syferheelgetalle: afbreek van getalle	174
142	Ons koop en verkoop	176
143	Waarskynlikheid	178
144	Meer oor waarskynlikheid	180



Graad

4

W i s k u n d e

DEEL

3

WERKBLAAIE

65 tot 144



*Naam:*

AFRIKAANS

Boek

2

Watter instrument sal jy gebruik om die voorwerpe se massa of volume te meet?



1. Kleur die koppies in wat saam 1 ℓ sal hou.

- a.  1 ℓ → 200 ml 100 ml 200 ml 500 ml 100 ml
- b.  1 ℓ → 150 ml 250 ml 350 ml 500 ml 50 ml
- c.  1 ℓ → 125 ml 250 ml 100 ml 500 ml 125 ml
- d.  1 ℓ → 100 ml 300 ml 200 ml 400 ml 100 ml
- e.  1 ℓ → 50 ml 100 ml 125 ml 275 ml 950 ml




Dink mooi as jy na hierdie diagramme in vraag 2 kyk. Onthou dat 0 liters (leeg) is die onderkant van die beker. Watter merkie is langsna die vloeistof vlak? In die eerste een is dit die merkie tussen die 9 en 10 liter merkie, dus is dit  $9\frac{1}{2}$  liters of 9 liters en 500 ml.<sup>2</sup>

2. Hoeveel koeldrank is daar in die maatbekers?

- a.
- b.
- c.
- d.

3. Sal jy die volgende in ml of ℓ meet?



4. 'n Teelepel is 'n eenheid van kapasiteit wat tydens kook of vir medisyne gebruik word,

a. Hoeveel milliliters is in een teelepel? \_\_\_\_\_

b. Hoeveel teelepels sal 20 ml wees? \_\_\_\_\_



5. Waseela gebruik 2 ℓ water om tee te maak, 60 ℓ water om wasgoed te was en 3 ℓ water om skottelgoed te was. Hoeveel water het sy altesaam gebruik?

Blank writing area with horizontal lines for the answer to question 5.

Milliliterpret

Maak koerante en gemorspos bymekaar.

Soek 10 items wat in ml gemeet word.



Tekens:

Datum:

Kyk na die prentjies en beantwoord die vrae hieronder. Let daarop dat die prentjies nie op skaal is nie.



1. Watter houer bevat die grootste hoeveelheid vloeistof?

2. Watter houer bevat die kleinste hoeveelheid vloeistof?

3. Wat is die doel van hierdie houers?


4. Vul die ontbrekende inligting in.

a.




Kapasiteit van beker: 4 liter  
Volume van vloeistof: 4 liter

b.



Kapasiteit: \_\_\_\_\_  
Volume: \_\_\_\_\_

c.



Kapasiteit: \_\_\_\_\_

Volume: \_\_\_\_\_


d.



Kapasiteit: \_\_\_\_\_

Volume: \_\_\_\_\_


e.



Kapasiteit: \_\_\_\_\_

Volume: \_\_\_\_\_

f.



Kapasiteit: \_\_\_\_\_

Volume: \_\_\_\_\_

### 5. Beantwoord die vrae hieronder:

a. Wat is kapasiteit?

b. Wat is volume?




Teken: \_\_\_\_\_

Datum: \_\_\_\_\_

vervolg

6. Sorteër die houers in twee groepe: dié wat jy sal gebruik om liters mee te meet en dié wat jy sal gebruik om milliliters mee te meet. Skryf slegs die alfabetletter neer.



Milliliters	Liters

7. Water meeteenheid sal jy gebruik om die volgende te meet?

a. Melk vir 'n nagereg resep	b. Water om 'n swembad te vul	c. Water om 'n pakkie poeier koeldrank aan te maak
d. Glas water	e. Medisyne vir 'n babatjie	f. Water om jou tuin nat te gooi

8. Sny prentjies uit tydskrifte, koerante en advertensies. Plak twee of drie prentjies van elk.

Houers wat liters bevat

Houers wat milliliters bevat


Vul die swembad

'n Swembad bevat 1 500 ℓ water. Hoeveel 50 ℓ emmers water sal jy gebruik om die swembad te vul?


Teken:

Datum:

Gee die korrekte lesing vir elke pyltjie.



1. Hierdie 1 liter bottels bevat koeldrank. Beantwoord die vrae.



i. Wat is die kapasiteit van elke stel bottels?

a. \_\_\_\_\_ b. \_\_\_\_\_ c. \_\_\_\_\_ d. \_\_\_\_\_ e. \_\_\_\_\_

ii. Hoeveel koeldrank is daar?

Liters	Milliliters	Liters en milliliters	Breuk
a. 1 ℓ	500 ml	1 ℓ 500 ml	$1\frac{1}{2}$ ℓ
b.			
c.			
d.			
e.			

2. Voltooi die volgende tabel.

Liters	Milliliters		Liters en milliliters
1 ℓ	350 ml	=	
		=	3 ℓ 80 ml
2 ℓ		=	2 ℓ 755 ml
		=	6 ℓ 5 ml
5 ℓ	65 ml	=	

3. Skryf die volgende slegs in liters. (Onthou om tot die naaste liter af te rond.)

Voorbeeld: 1 876 ml = 2 ℓ

a. 3 546 ml

b. 2 876 ml

c. 9 234 ml

d. 6 127 ml

e. 8 750 ml

f. 9 500 ml

4 Skryf die volgende slegs in milliliters.

a. 4 ℓ 648 ml

b. 6 ℓ 394 ml

c. 8 ℓ 732 ml

d. 8 ℓ 732 ml

e. 7 ℓ 912 ml

f. 1 ℓ 500 ml

5. Skryf die volgende in liters en milliliters.

a. 1 543 ml

b. 2 876 ml

c. 9 234 ml

d. 6 567 ml

e. 8 799 ml

f. 7 500 ml



Tekens:  
Datum:

6. Kyk mooi na die houers en beantwoord die vraag hieronder.



A  
375 ml



B  
250 ml



C  
550 ml



D  
750 ml

Gebruik die letters A, B, C en D om die houers te rangskik van die een wat die minste tot die een wat die meeste bevat.

7. Los die volgende probleme op:

- a. Thabo meng twee 1 ℓ bottels lemoensap met twee 750 ml bottels appelsap en twee  $1\frac{1}{2}$  ℓ bottels limonade. Hoeveel liters van die mengsel sal daar wees?




b. Rosie het 'n slegte hoes. Haar ma koop 'n 225 ml bottel hoesstroop waarvan sy 45 ml per dag moet drink. Hoe lank sal die bottel hou?

c. Dumisani wil sap vir sy sokkerspan maak. Hy meng 'n 2 liter bottel lemoensap met vier 2 liter bottels water. Hoeveel liters sap het hy gemaak?





d. Sharon gebruik 2 liters water om tee en koffie te maak, 50 liters om wasgoed te was en 22 liters om haar tuin mee nat te maak. Hoeveel water het sy altesaam gebruik?

Teken:  
Datum:





Hoeveel koeldrank is in elke houer?



1. Kyk na elke maatbeker en voltooi die tabel.

	Hoeveel liters is daar in die houer?	Breuk	Nommer van 500 ml eenhede
a.		4 $\frac{1}{2}$ liter	9
	Tel:	0, $\frac{1}{2}$ , 1, 1 $\frac{1}{2}$ , 2, 2 $\frac{1}{2}$ , 3, 3 $\frac{1}{2}$ , 4, 4 $\frac{1}{2}$	
b.			
	Tel:		
c.			
	Tel:		
d.			
	Tel:		


## 2. Voltooi die tabel:

	Hoeveel kilogram?	Breuk:	Aantal 500 g eenhede
	3 kg 500 g	$3\frac{1}{2}$ kg	7
	Tel:	$0, \frac{1}{2}, 1, 1\frac{1}{2}, 2, 2\frac{1}{2}, 3, 3\frac{1}{2}$	
			
	Tel:		
			
	Tel:		
			
	Tel:		

Ons is maats.

### Soek die maats ...


Soek die maats wat bymekaar pas en kleur hulle dieselfde kleur in.




Tekens:

Datum:


Kyk na die breuke. Gesels daaroor.



halwes



kwarte



agtstes

1. Gee 'n ekwivalente breuk vir:

a.  $\frac{1}{4} = \square$

b.  $\frac{1}{2} = \square$

c.  $\frac{6}{8} = \square$

d.  $\frac{2}{4} = \square$

e.  $\frac{2}{2} = \square$

f.  $\frac{2}{8} = \square$

g.  $\frac{8}{8} = \square$

h.  $\frac{4}{8} = \square$

i.  $\frac{4}{4} = \square$

2. Vul <, > of = in.

a.  $\frac{1}{2} \square \frac{1}{4}$

b.  $\frac{1}{2} \square \frac{2}{8}$

c.  $\frac{1}{4} \square \frac{3}{8}$

d.  $\frac{1}{2} \square \frac{2}{4}$

e.  $\frac{2}{2} \square \frac{1}{8}$

f.  $\frac{5}{8} \square \frac{2}{4}$

g.  $\frac{2}{4} \square \frac{8}{8}$

h.  $\frac{1}{4} \square \frac{4}{8}$

i.  $\frac{4}{8} \square \frac{1}{2}$

j.  $\frac{1}{2} \square \frac{4}{4}$

k.  $\frac{1}{2} \square \frac{1}{8}$


l.  $\frac{5}{8} \square \frac{1}{2}$


m.  $\frac{1}{2} \square \frac{7}{8}$

n.  $\frac{3}{4} \square \frac{1}{8}$

o.  $\frac{1}{4} \square \frac{6}{8}$

3. Volfooi die volgende. Maak gebruik van die diagramme om jou te help.

a. Een hele =  $\frac{1}{2}$  +  

b. Een hele =  $\frac{1}{4}$  +  

c. Een hele =  $\frac{1}{8}$  +  

4. Skryf 'n woordsom vir elkeen.

Palesa het 1 kwart van die koek geëet en Jannie het 2 agtstes van die koek geëet. Wie het die meeste koek geëet?

John het vier agtstes van die koeldrank gedrink en Ben het helfte van die koeldrank gedrink. Het hulle dieselfde hoeveelheid koeldrank gedrink?

### Breuke in sirkels

Verdeel die sirkel in agtstes.



Wys 'n kwartsirkel.




Wys 'n halwe sirkel.




Tekens:

Datum:


Kyk na die breuke. Gesels daaroor.



Halwes



Derdes



Sesdes

1. Gee 'n ekwivalente breuk vir die volgende:

a.  $\frac{1}{2} = \square$

b.  $\frac{2}{6} = \square$

c.  $\frac{4}{6} = \square$

d.  $\frac{1}{3} = \square$

e.  $\frac{2}{2} = \square$

f.  $\frac{3}{6} = \square$

g.  $\frac{2}{3} = \square$

h.  $\frac{6}{6} = \square$

i.  $\frac{3}{3} = \square$

2. Vul <, > of = in.

a.  $\frac{1}{2} \square \frac{1}{3}$

b.  $\frac{1}{2} \square \frac{2}{6}$

c.  $\frac{1}{3} \square \frac{3}{6}$

d.  $\frac{1}{2} \square \frac{2}{3}$

e.  $\frac{2}{3} \square \frac{1}{6}$

f.  $\frac{5}{6} \square \frac{2}{3}$

g.  $\frac{2}{3} \square \frac{6}{6}$

h.  $\frac{1}{3} \square \frac{4}{6}$

i.  $\frac{4}{6} \square \frac{1}{2}$

j.  $\frac{1}{2} \square \frac{3}{3}$

k.  $\frac{1}{2} \square \frac{1}{6}$

l.  $\frac{5}{6} \square \frac{1}{2}$

3. Voltooi die volgende deur die diagram te gebruik om jou te help:

a. Een hele =  $\frac{1}{2}$  +



b. Een hele =  $\frac{1}{3}$  +




c. Een hele =  $\frac{1}{6}$  +



4. Skryf 'n woordprobleem vir elk van die volgende en los dit op.


a.



Ma het die appeltert tussen my, haarself en my pa gedeel. Watter breuk het elkeen gekry?

$$1 \div 3 = \frac{1}{3}$$

b.




---

---


---

---

---

---

c.




---

---


---

---

---

---

d.




---

---

---

---

---

---

Dink breuke


Drie kinders moet 12 lemoene gelykop verdeel sodat niks oorbly nie. Hoeveel lemoene sal elke kind kry?

Dit mag vir jou nodig wees om 'n skets te maak om jou te help om dit op te los.

Tekens:


Datum:

Gesels oor die geel vierkante en die breuke.



1. Gebruik twee geel vierkante as 'n hele.



a. Die geel vierkant  is watter gedeelte van die hele?

b. Die rooi reghoek  is watter gedeelte van die hele?

c. Die blou driehoek  is watter gedeelte van die hele?

d. Die groen driehoek  is watter gedeelte van die hele?

2. Beantwoord die vrae.

a. Hoeveel groen driehoeke  is daar in een blou driehoek ?









b. Hoeveel groen driehoeke  is daar in een rooi reghoek ?

c. Hoeveel groen driehoeke  is daar in een geel vierkant ?

d. Hoeveel blou driehoeke  is daar in een geel vierkant  ?


e. Hoeveel rooi reghoeke  is daar in een geel vierkant  ?

### 3. Teken die ontbrekende breuke.



### Ek maak my eie somme

Maak vyf van jou eie somme deur die vorms aan die linkerkant te gebruik.



<input type="text"/>	<input type="text"/>
<input type="text"/>	<input type="text"/>
<input type="text"/>	





Tekens:

Datum:

# Vergelyking, orden en optelling van breuke

Watter breuk van die diagramme is ingekleur?


Watter breuk van die diagramme is nie ingekleur nie?



1. Vul  $>$ ,  $<$  of  $=$  in.

a.	 $\frac{1}{3}$	 $\frac{1}{4}$	$\frac{1}{3}$ <input type="checkbox"/> $\frac{1}{4}$
b.	 $\frac{2}{5}$	 $\frac{1}{2}$	$\frac{2}{5}$ <input type="checkbox"/> $\frac{1}{2}$
c.	 $\frac{4}{7}$	 $\frac{2}{5}$	$\frac{4}{7}$ <input type="checkbox"/> $\frac{2}{5}$
d.	 $\frac{3}{6}$	 $\frac{1}{2}$	$\frac{3}{6}$ <input type="checkbox"/> $\frac{1}{2}$
e.	 $\frac{2}{8}$	 $\frac{1}{4}$	$\frac{2}{8}$ <input type="checkbox"/> $\frac{1}{4}$
f.	 $\frac{1}{3}$	 $\frac{2}{5}$	$\frac{1}{3}$ <input type="checkbox"/> $\frac{2}{5}$


2. Watter breuk word deur die pyltjie aangedui?




3. Skryf 'n som vir die getallelyne hieronder en bereken dit dan.




$$\frac{3}{8} + \frac{4}{8} = \frac{7}{8}$$











4. Teken getallelyne vir die volgende somme.

a.  $\frac{1}{4} + \frac{2}{4} =$



b.  $\frac{1}{2} + \frac{1}{4} =$



**Probleemoplossing**


'n Sjokoladekoek is in 30 stukke gesny. As 'n vyfde daarvan geëet word, hoeveel stukke sal daar nog oor wees?



Tekens:

Datum:

Gesels oor hierdie breukesirkels.



1. Skryf 'n som vir die volgende neer:

$$\text{Green circle} = \frac{1}{4} + \square + \square + \square + \square$$

$$\text{Red circle} = \frac{1}{5} + \square + \square + \square + \square + \square$$

$$\text{Yellow circle} = \frac{1}{6} + \square + \square + \square + \square + \square + \square$$

$$\text{Blue circle} = \frac{1}{7} + \square + \square + \square + \square + \square + \square + \square$$

$$\text{Purple circle} = \frac{1}{8} + \square + \square$$

Watter een is groter,  $\frac{1}{4}$  of  $\frac{1}{7}$ ?




2, Uitdaging: Teken breukesirkels om die volgende aan te dui:

a.  $\frac{1}{4} + \frac{1}{4} + \frac{1}{2} = 1$  hele

b.  $\frac{1}{3} + \frac{1}{3} = \frac{2}{6} = 1$  hele

3. Gebruik die diagram om die somme te voltooi.



a.  $\frac{1}{4} + \frac{2}{4} = \square$

b.  $\frac{2}{5} + \frac{1}{5} = \square$

c.  $\frac{3}{8} + \frac{2}{8} = \square$

d.  $\frac{1}{6} + \frac{2}{6} = \square$

e.  $\frac{3}{7} + \frac{2}{7} = \square$

f.  $\frac{5}{8} + \frac{1}{8} = \square$

g.  $\frac{4}{8} + \frac{3}{8} = \square$


h.  $\frac{3}{5} + \frac{2}{5} = \square$

i.  $\frac{1}{6} + \frac{4}{6} = \square$

4. Ek het  $\frac{1}{8}$  van die koek by die partytjie gehad en my maat  $\frac{3}{8}$ . Hoeveel koek het ons altesaam gehad? Maak 'n skets om jou antwoord te wys.

### Breukepret

Maak sewe somme deur van die kleure op die breukestroke gebruik te maak.



---

---

---

---

---

---

---



---




Tekens:

Datum:

Wat vertel elke prentjie vir jou?



Dink mooi by die volgende twee.




Ons sê hierdie is gemengde getalle.



1. Skryf die volgende as gemengde getalle:


<p>a.  <math>1 \frac{4}{8}</math></p>	<p>f.  <input type="text"/></p>
<p>b.  <input type="text"/></p>	<p>g.  <input type="text"/></p>
<p>c.  <input type="text"/></p>	<p>h.  <input type="text"/></p>
<p>d.  <input type="text"/></p>	<p>i.  <input type="text"/></p>
<p>e.  <input type="text"/></p>	<p>j.  <input type="text"/></p>


## 2. Bereken die volgende:

a.		$\frac{2}{6} + \frac{2}{6} = \square$
b.		$\frac{1}{3} + \frac{1}{3} = \square$
c.		$\frac{1}{3} + \frac{1}{3} = \square$
d.		$\frac{2}{4} + \frac{1}{4} = \square$
e.		$\frac{1}{4} + \frac{2}{4} = \square$
f.		$\frac{1}{5} + \frac{3}{5} = \square$
g.		$\frac{2}{6} + \frac{3}{6} = \square$
h.		$\frac{4}{8} + \frac{2}{8} = \square$
i.		$\frac{1}{6} + \frac{3}{6} = \square$
j.		$\frac{3}{8} + \frac{2}{8} = \square$

### Dink breuke

Maak 'n som vir elke diagram.







Teken:

Datum:



Gebruik die prentjie hierbo om die vrae te beantwoord.

1. Kleur die volgende in:

- Een kwart van die rooi venster.
- Twee kwarte van die pers venster.
- Drie kwarte van die oranje venster.
- Een kwart plus een kwart van die groen venster.
- Twee kwarte plus een kwart van die geel venster.
- Twee kwarte plus twee kwarte van die bruin venster.
- Een vyfde van die eerste boom liggroen en die res donkergroen.
- Twee vyfdes van die tweede boom liggroen en die res donkergroen.
- Een vyfde van die derde boom liggroen, twee vyfdes donkergroen en die res geel.
- Drie vyfdes van die vierde boom groen en die res geel.
- Kleur die vyfde boom in en verduidelik dit hier.

## 2. Kyk na die trein en beantwoord die volgende:

- a. Hoeveel passasierswaens het die trein?
- b. Watter breukdeel is geel?  Oranje?  Rooi?
- c. Die wiele is verdeel in . Skryf dit as 'n breuk.
- d. Elke passasierswa het  vensters. Skry een venster as 'n breuk.
- e. Kleur twee sesdes van die geel wa se vensters in, vier sesdes van die oranje wa se vensters, en vyf sesdes van die rooi wa se vensters.

## 3. Beantwoord die vrae oor die klein lorries.

- a. Hoeveel bokse is daar op die blou lorie?  Watter breukdeel is oranje?
- Watter breukdeel is blou?  Watter breukdeel is bruin?



Skryf 'n optelsom daarvoor neer:

- b. Hoeveel bokse is daar op die rooi lorie?
- Watter gedeelte is geel?  Watter gedeelte is blou?
- Watter gedeelte is bruin?

Skryf 'n optelsom daarvoor neer:

### My eie vrae

Kyk na die prentjies en maak jou eie breukvrae. Onthou dit moet verskil van die vrae op die werkkaart.



Daar is 'n oop ruimte in die prentjie op die vorige bladsy (bladsy 26). Teken iets wat op die vorige bladsy verskyn wat in die prentjie sal pas en skryf dan 'n breukevraag daarvoor neer.



Tekens:

Datum:

Lees die strokiesprent.

My ouers het 'n sitkamerstel gekoop teen R5 000.



My ma droom van hierdie pragtige yskas van R3 000.



O, dan moet sy nog R2 000 spaar.



Eish ... dit moet pragtig wees!



Dan gaan jou ma seker spaar?



Ja, sy het reeds R1 000 gespaar.



1. Kry items wat geadverteer word vir R4 000. Plak 'n prentjie hier.

Blank area for pasting advertisements.

2. Bereken:

a.  $1\ 000 + 500 + 90 + 3 =$

b.  $2\ 000 + 300 + 40 + 1 =$

c.  $3\ 000 + 800 + 20 + 9 =$

d.  $4\ 000 + 90 + 3 =$

e.  $4\ 000 + 700 =$

3. Bereken die volgende:

a.  $2\ 000 + 600 + 30 + 9 =$

d.  $4\ 000 + 50 =$

b.  $4\ 000 + 50 + 1 + 400 =$

e.  $2\ 000 + 2 =$

c.  $2 + 90 + 800 + 1\ 000 =$

4. Verander die syfer 5 na 0 in elke getal. Toon jou bewerkings.

a.  $4\ 854 =$

b.  $3\ 521 =$

c.  $2\ 005 =$

d.  $6\ 050 =$

e.  $5\ 000 =$

5. Gebruik enige syfers om vier verskillende 4-syferheelgetalle wat kleiner as 5 000 maar groter as 2 000 is te maak. Sê of die getalle ewe of onewe getalle is. Ons het die eerste een vir jou gedoen.


a.  $4\ 789$  onewe

b.

c.

d.


e.



6. Skryf jou antwoorde in vraag 5 vanaf die grootste tot die kleinste neer.

Getalmaal

Vat 'n koerant. Soek 4-syferheelgetalle wat groter as 2 000 maar kleiner as 5 000 is. Plak dit hier.




Tekens:

Datum:

Wat is makliker om te sê?


Ek het 'n TV vir  
R2 050 of R 2 000  
gekoop.



Ek het 1 989 m of  
2 000 m  
gehardloop.



987 of 1 000 mense  
het 'n konsert  
bygewoon.



1. Tussen watter twee duisende lê die volgende?

- |          |                      |                      |          |                      |                      |
|----------|----------------------|----------------------|----------|----------------------|----------------------|
| a. 1 234 | <input type="text"/> | <input type="text"/> | b. 3 890 | <input type="text"/> | <input type="text"/> |
| c. 2 478 | <input type="text"/> | <input type="text"/> | d. 8 932 | <input type="text"/> | <input type="text"/> |
| e. 4 329 | <input type="text"/> | <input type="text"/> | f. 9 323 | <input type="text"/> | <input type="text"/> |
| g. 6 173 | <input type="text"/> | <input type="text"/> | h. 5 984 | <input type="text"/> | <input type="text"/> |
| i. 7 394 | <input type="text"/> | <input type="text"/> |          |                      |                      |

2. Gee enige getal tussen:

- |                   |                      |                   |                      |
|-------------------|----------------------|-------------------|----------------------|
| a. 2 000 en 3 000 | <input type="text"/> | b. 4 000 en 5 000 | <input type="text"/> |
| c. 3 000 en 4 000 | <input type="text"/> | d. 8 000 en 9 000 | <input type="text"/> |
| e. 1 000 en 2 000 | <input type="text"/> | f. 5 000 en 6 000 | <input type="text"/> |
| g. 6 000 en 7 000 | <input type="text"/> | h. 7 000 en 8 000 | <input type="text"/> |

3. Gaan terug na die getalle wat jy in vraag 2 neergeskryf het. Onderstreep die getal wat die naaste aan jou antwoord is.

Voorbeeld:

2 000 en 3 000

2 387

4. Rond af tot die naaste 1 000. Omkring die getal waarna jy kyk wanneer jy besluit of jy boontoe of ondertoe moet afrond tot die naaste 1 000. Voltooi die sinne.

- a. 2 000 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- b. 3 400 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- c. 1 900 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- d. 4 700 is tussen  en  en sal afgerond word tot .

5. Rond af tot die naaste 1 000. Omkring die getal waarna jy kyk wanneer jy besluit of jy boontoe of ondertoe tot die naaste 1 000 afrond. Voltooi die sinne.

- a. 2 050 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- b. 4 490 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- c. 3 680 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- d. 1 450 is tussen  en  en sal afgerond word tot .

6. Rond af tot die naaste 1 000. Omkring die getal waarna jy kyk wanneer jy besluit om boontoe of ondertoe af te rond tot naaste 1 000. Voltooi die sinne.

- a. 3 412 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- b. 2 623 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- c. 4 499 is tussen  en  en sal afgerond word tot .
- d. 1 507 is tussen  en  en sal afgerond word tot .



### Wiskundekunstenaar

Jy wil vir jou maat wat afwesig was verduidelik wat afronding beteken. Maak 'n skets.

Tekens:

Datum:

# Optelling en aftrek van 4-syferheelgetalle: afbreek van getalle

Hoe vinnig kan jy die volgende bereken?

$7\ 000 + 300 + 40 + 6 =$

$9\ 000 + 80 + 2 =$

$4\ 000 + 90 + 3 =$

$5\ 000 + 4 =$

$8\ 000 + 100 + 7 =$

$6\ 000 + 200 + 80 + 5 =$

1. Skryf die volgende in uitgebreide notasie.

a. 1 256

b. 8 105

c. 5 085

d. 9 450

e. 6 001

f. 8 020

2. Bereken die volgende:

a.  $5 + 7 =$

b.  $50 + 70 =$

c.  $500 + 700 =$

d.  $4 + 9 =$

e.  $40 + 90 =$

f.  $400 + 900 =$

g.  $6 + 7 =$

h.  $60 + 70 =$

i.  $600 + 700 =$

3. Bereken die volgende:

a.  $9 - 4 =$

b.  $90 - 40 =$

c.  $900 - 400 =$

d.  $5 - 2 =$

e.  $50 - 20 =$

f.  $500 - 200 =$

g.  $7 - 3 =$

h.  $70 - 30 =$


i.  $700 - 300 =$

4. Bereken die volgende. Ons het die eerste een vir jou gedoen. Gebruik ekstra papier indien nodig.


a.  $4\ 898 + 3\ 141 =$

$$\begin{aligned} &4\ 000 + 800 + 90 + 8 + 3\ 000 + 100 + 40 + 1 \\ &= 4\ 000 + 3\ 000 + 800 + 100 + 90 + 40 + 8 + 1 \\ &= 7\ 000 + 900 + 130 + 9 \\ &= 7\ 000 + 900 + 100 + 30 + 9 \\ &= 7\ 000 + 1\ 000 + 30 + 9 \\ &= 8\ 000 + 30 + 9 \\ &= 8\ 039 \end{aligned}$$


b.  $6\ 967 + 2\ 052 =$




c.  $6\ 442 + 1\ 394 =$




d.  $3\ 467 + 4\ 292 =$



e.  $8\ 578 + 1\ 262 =$



f.  $8\ 258 + 1\ 869 =$



Teken:

Datum:

vervolg

# Optelling en aftrek van 4-syferheelgetalle: afbreek van getalle vervolg

5. Bereken die volgende. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

a.  $8\ 445 - 4\ 372 =$

$$\begin{aligned} & (8\ 000 + 400 + 40 + 5) - (4\ 000 + 300 + 70 + 2) \\ &= (8\ 000 - 4\ 000) + (400 - 300) + (40 - 70) + (5 - 2) \\ &= 4\ 000 + 100 + (40 - 70) + 3 \\ &= 4\ 000 + (140 - 70) + 3 \\ &= 4\ 000 + 70 + 3 \\ &= 4\ 073 \end{aligned}$$

b.  $4\ 624 - 1\ 482 =$

c.  $8\ 546 - 5\ 283 =$

d.  $5\ 348 - 2\ 195 =$

e.  $9\ 434 - 6\ 591 =$

f.  $3\ 358 - 1\ 477 =$

6. Los die probleme op deur die vrae, die getalle en die bewerkings (optelling en aftrekking) te identifiseer; maak dan 'n tekening indien nodig en skryf 'n getaltesin neer.

- a. My pa het 'n televisiestel vir R4 550 gekoop. My ma het 'n televisiestander vir R3 250 gekoop. Hoeveel het hulle altesaam betaal?

- 
- b. My oom het 3 520 km deur Afrika op safari gereis. Sy vriend het 5 659 km op sy safari gereis. Hoeveel verder het my oom se vriend gereis??

- c. Die tenk bevat 4 500 liters water. Die gemeenskap het 1 950 liters gebruik. Hoeveel water is daar nog oor?

- d. My ma het 1 550 gram koekmeel gebruik vir al die kolwyntjies wat sy gemaak het. My suster het 1 800 gram koekmeel gebruik vir al die muffins wat sy gemaak het. Hoeveel koekmeel het hulle altesaam gebruik?



Tekens:  
Datum:

Kyk na elke lyn.

$4\ 358 + 2\ 000 =$	<b>6 358</b>
$6\ 358 + 300 =$	<b>6 658</b>
$6\ 658 + 20 =$	<b>6 678</b>
$6\ 678 + 1 =$	<b>6 679</b>

Wat let jy op?

$6\ 358 - 2\ 000 =$	<b>4 358</b>
$6\ 658 - 300 =$	<b>6 358</b>
$6\ 678 - 20 =$	<b>6 658</b>
$6\ 679 - 1 =$	<b>6 678</b>

Wat let jy op?

### 1. Bereken die volgende:

a.  $5\ 354 + 2\ 000 =$

b.  $8\ 663 + 200 =$

c.  $2\ 945 + 40 =$

d.  $4\ 263 + 20 =$

e.  $3\ 748 + 5\ 000 =$

f.  $5\ 368 + 3 =$

### 2. Bereken die volgende:

a.  $5\ 492 - 200 =$

b.  $3\ 947 - 1\ 000 =$

c.  $8\ 687 - 500 =$

d.  $8\ 635 - 20 =$

e.  $38\ 473 - 400 =$

f.  $6\ 342 - 3\ 000 =$

### 3. Voltooi die tabel deur op te tel of af te trek vanaf die getal in die eerste kolom.

	Tel 1 000 by	Trek 1 000 af	Tel 100 by	Trek 100 af	Tel 10 by	Trek 10 af	Tel 1 by	Trek 1 af
6 754								
4 856								
7 932								
6 573								
5 863								

4. Tel die volgende op deur die getalle wat opgetel moet word, af te breek.

Voorbeeld: Optelling deur die getal wat opgetel moet word, af te breek.

Bereken  $5\ 362 + 2\ 486$

$5\ 362 + 2\ 000 \rightarrow 7\ 362 + 400 \rightarrow 7\ 762 + 80 \rightarrow 7\ 842 + 6 \rightarrow 7\ 848$

a.  $3\ 459 + 2\ 320 =$

b.  $5\ 296 + 2\ 312 =$

c.  $8\ 875 + 1\ 187 =$

d.  $8\ 764 + 1\ 586 =$

5. Trek die volgende af deur die getalle wat afgetrek moet word, af te breek.

Voorbeeld: Aftrekking deur die getal wat afgetrek moet word, af te breek.

Bereken  $4\ 687 - 2\ 143$

$4\ 687 - 2\ 000 \rightarrow 2\ 687 - 100 \rightarrow 2\ 587 - 40 \rightarrow 2\ 547 - 3 = 2\ 544$

a.  $7\ 834 - 3\ 512 =$

b.  $8\ 274 - 3\ 843 =$

c.  $4\ 322 - 1\ 188 =$

d.  $7\ 546 - 4\ 657 =$

**Kontroleer jou antwoorde**

Kontroleer al jou antwoorde in vraag 4 en 5 deur van die omgekeerde bewerking gebruik te maak.

Die teenoorgestelde bewerking vir optelling is aftrekking en vir aftrekking is dit optelling.



Tekens:

Datum:

# Optelling en aftrekking van 4-syferheelgetalle: opvulling van tiene deur die getal wat opgetel moet word, af te breek

Hersien die verskil tussen **afronding** en **opvulling van tiene**.

Rond die volgende af tot die:

Vul die volgende:

### Naaste tien

$14 \approx 10$

$28 \approx 30$

Hersien hierdie deur dit op 'n getallelyn aan te dui.

### Naaste honderd

$135 \approx 100$

$564 \approx 600$

### Naaste duisend

$1\ 257 \approx 1\ 000$

$5\ 616 \approx 6\ 000$

### Tiene

$14 + 6 = 20, 123 + 7 = 130$

### Honderde

$130 + 70 = 200, 1\ 450 + 50 = 1\ 500$

### Duisende

$1\ 800 + 200 = 2\ 000, 3\ 400 + 600 = 4\ 000$

1. Rond die volgende af tot die naaste 10, 100 en 1 000. Onderstreep die syfer wat jou sal help om die getal tot die naaste 10 of 1 000 af te rond. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

	Naaste 10	Naaste 100	Naaste 1 000
a. 3 184	3 1 <u>8</u> 4 $\approx$ 3 180	3 1 <u>8</u> 4 $\approx$ 3 200	3 184 $\approx$ 3 000
b. 6 758			
c. 4 390			
d. 4 402			
e. 8 999			

2. Vul die tiene, honderde en duisende.

	Vul die tiene	Vul die honderde	Vul die duisende
a. 3 524	3 524 + 6 = 3 530	3 524 + 76 = 3 600	3 524 + 476 = 4 000
b. 5 132			
c. 1 213			
d. 8 458			
e. 4 199			

### 3. Bereken die volgende:

Vul die tiene:

Bereken  $2\ 486 + 48$

$2\ 486 + 48$

$= (2\ 486 + 14) - 14 + 48$

$= 2\ 500 + (48 - 14)$

$= 2\ 500 + 34$

$= 2\ 534$

a.  $2\ 345 + 72 =$

b.  $6\ 872 + 34 =$

c.  $5\ 676 + 96 =$

d.  $6\ 567 + 47 =$

e.  $4\ 536 + 89 =$

f.  $8\ 671 + 51 =$


#### Kontroleer jou antwoorde

Kontroleer al jou antwoorde in vraag 3 deur die omgekeerde bewerking te doen.

Teken:

Datum:

Wat is die verskil tussen die getalle? Tel aan:



Wat is die verskil tussen die getalle? Tel terug:

1. Watter getal kom volgende?

a. 1 000, 2 000, 3 000,

b. 3 300, 3 400, 3 500,

c. 689, 1 689, 2 689,

d. 2 760, 3 760, 4 760,

2. Voltooi die tabel deur op te tel of af te trek vanaf die getal in die eerste kolom:

Getal	Tel 100 by	Trek 100 af	Tel 1 000 by	Trek 1 000 af
3 212				
2 910				
3 106				
1 069				
2 989				

3. Skat die antwoorde en skryf dit op 'n aparte vel papier neer. Bereken hierdie somme en skryf die stappe wat jy gebruik op 'n aparte vel papier neer. Vergelyk jou skatting en jou berekening met mekaar.

### Voorbeelde:

#### Voorbeeld 1:

$1\ 256 + 1\ 323$

**1 000****200****50****6****1 000****300****20****3**

$= 1\ 000 + 1\ 000 + 200 + 300 + 50 + 20 + 6 + 3$

$= 2\ 000 + 500 + 70 + 9$

$= 2\ 579$

#### Voorbeeld 2:

$2\ 459 + 1\ 816$

**2 000****400****50****9****1 000****800****10****6**

$= 2\ 000 + 1\ 000 + 400 + 800 + 50 + 10 + 9 + 6$

$= 3\ 000 + 1\ 200 + 60 + 15$

$= 3\ 000 + 1\ 000 + 200 + 60 + 10 + 5$

$= 4\ 000 + 200 + 70 + 5$

$= 4\ 275$

a.  $2\ 481 + 1\ 318 =$

b.  $1\ 516 + 3\ 243 =$

c.  $3\ 265 + 1\ 329 =$

d.  $2\ 548 + 1\ 264 =$

e.  $1\ 458 + 1\ 258 =$

f.  $1\ 786 + 2\ 547 =$


#### 4. Voltooi die woordsomme. Wys jou bewerkings.

- a. Daar was 75 kinders by die musiekles. 15 het vroeg huis toe gegaan en 3 is sokkeroefening toe. Hoeveel kinders het in die musiekklas oorgebly?

- b. Andile versamel in die eerste maand 2 283 blikkies vir herwinning. Hy versamel 3 325 blikkies in die tweede maand. Hoeveel blikkies het hy altesaam versamel?

#### Ek het my getallelegkaart laat val.

Ek het my legkaartstukkies laat val. Help my om die spasies te vul sodat elke ry en kolom gelyk is aan 15. Jy kan elke getal slegs een keer gebruik.

Teken:

Datum:


Kyk na die prentjies. Wat beteken vooraansig, sy-aansig en bo-aansig?



1. Voltooi die tabel deur die sy-aansig, vooraansig en bo-aansig van elke huis te teken.

Huis	Sy-aansig	Vooraansig	Bo-aansig


2. Benoem die volgende aansigte:



























Waar staan die persoon?



Waar dink jy het die persoon gestaan toe die foto geneem was?


In watter rigting was hierdie foto geneem?



Tekens:



Datum:

Hier is 6 aansigte van 'n kubus:



Kan jy aflei waar elkeen van die vlakke, in verhouding, op die kubus sal pas?







Hier is drie aansigte van 'n kubus:



1. Voltooi die tabel.



Prentjie	Sy-aansig	Vooraansig	Bo-aansig

2. Benoem die volgende aansigte van die blokke:



Aansigte

Watter aansig van die kind sien jy?



Tekens:  
Datum:


Kyk na die prentjie. Identifiseer al die veelhoeke. Identifiseer 'n vorm wat nie 'n veelhoek is nie.



1. Kyk na die prentjie hierbo. Teken 'n voorbeeld van elk van die vorms wat reguit sye het. Benoem die vorms.
2. Skryf onder elke vorm hoeveel sye die vorm het.

3. Kyk na die prentjie. Trek die vorm met geboë sye. Benoem die vorm.

4. Voer 5 veelhoeke by die prentjie hierbo.



5. Kyk na die prentjie. Skryf die alfabetletter van die vorms op die prentjie. Byvoorbeeld, waar daar vierkante is, skryf die letter a. Voltooi die tabel.

Vorm	Aantal sye	Reguit of geboë sye
a. Vierkant		
b. Heksagoon		
c. Sirkel		
d. Driehoek		
e. Reghoek		

### 'n Vormdier









Teken jou eie dier deur van verskillende vorms gebruik te maak.



Tekens:

Datum:


Benoem die 2-dimensionele vorms. Sê of die vorms reguit of geboë sye het.




1. Voltooi die vorms deur 'n sy of sye by te teken.

<p>Driehoek</p>	<p>Vierkant</p>
<p>Pentagoon</p>	<p>Heksagoon</p>
<p>Driehoek</p>	<p>Vierkant</p>
<p>Pentagoon</p>	<p>Heksagoon</p>

2. Omkring die oktagone (agthoeke).




3. Kleur die pentagone blou in.



4. Teken die volgende in die tabel.

a. Twee vierhoeke	
b. Twee pentagone (vyfhoeke)	
c. Twee heptagone (sewehoeke)	

5. Gebruik slegs vierhoeke, pentagone en heksagone om 'n 2D voorstelling van enige gebou te teken.




Teken:


Datum:

vervolg

Die gebruik van grafiekpapier is 'n maklike manier om perfekte meetkundige vorms en diagramme te teken.



Hoeveel vierkante is ingekleur?



Hoeveel vierkante is ingekleur?



6. Gebruik 'n liniaal en die lyne op die grafiekpapier om die volgende te teken. Gebruik ekstra grafiekpapier indien nodig.

- |                                       |                                       |
|---------------------------------------|---------------------------------------|
| a. Klein en groot driehoek            | b. Klein en groot vierkant            |
| c. Klein en groot reghoek             | d. Klein en groot pentagoon (vyfhoek) |
| e. Klein en groot heksagoon (seshoek) |                                       |

7. Wat is die oppervlakte van elke vorm?

a. Klein driehoek:

Groot driehoek:

b. Klein vierkant:

Groot vierkant:

c. Klein reghoek:


Groot reghoek:

d. Klein pentagoon:


Groot pentagoon:

e. Klein heksagoon:


Groot heksagoon:



8. Omkring die geslote vorms.



9. Omkring die vorms wat slegs reguit sye het.




10. Teken die volgende vorms.

a. Twee geslote vorms met slegs geboë sye.	
b. Drie geslote vorms met slegs reguit sye.	
c. Een oop vorm met geboë en reguit sye.	

Hoeveel vorms?

Hoeveel vorms kan jy met hierdie stokkies maak? Benoem hulle.






Tekens:

Datum:

Kyk na die prentjies. Hoekom is dit nodig dat ons aan sport deelneem?



1. Doen die volgende aktiwiteit in groepe van ses. Julle onderwyser sal tyd hou. Skryf jou resultate in die tabel.

Hoeveel spronge in touspring kan jy binne een minuut maak?

Naam	Spronge in 'n minuut

Jy kan 'n springtou maak deur ou plastieksakke aanmekaar te bind.



2. Skryf vyf vrae oor jou versamelde data neer.

---



---



---



---



---

3. Elke kind in 'n groep van ses moet probeer om op 'n voorwerp te balanseer. Julle onderwyser sal tydhou en kyk wie die langste op die voorwerp kan bly. Organiseer en skryf die data neer.

Naam	Tyd



4. Skryf vyf vrae oor die data wat jy versamel het neer.


**Fiksheidsopname**




Een van jou maats het jou vertel dat kinders in jou skool wat sport doen, gesonder is. Hoe dink jy weet sy dit?

Tekens:

Datum:

Hoeveel selfone tel jy?




1. Gebruik die inligting oor die ingekleurde selfone om die frekwensietabel te voltooi.

	Telling	Frekwensie
Rooi selfone		
Blou selfone		
Groen selfone		
Geel selfone		

2. Gebruik die tabel hierbo en teken 'n piktogram.

### 3. Gebruik die piktogram en teken 'n staafgrafiek.



### 4. Beantwoord die volgende vrae:

- a. Hoeveel geel selfone is verkoop?
- b. Hoeveel rooi selfone is verkoop?
- c. Hoeveel blou selfone is verkoop?
- d. Hoeveel groen selfone is verkoop?
- e. Watter kleur selfoon is die gewildste?
- f. Watter kleur is minder gewild?
- g. Hoekom dink jy is groen die gewildste kleur?

### Selfoonsoektog ...


Kyk hoeveel selfone jy kan kry.



Teken:

Datum:

Kyk na die kaart van die voedselentrum. Bespreek dit.




- Sjinees 
- Biefstukrestaurant 
- Padkafee 
- Hamburgerwinkels 
- Gesondheidskos 
- Vis 
- Wegneemkos 
- Pizza 
- Hotel 

1. Skryf al die soorte restaurante/ wegneemkoswinkels op die kaart neer.

Soort restaurant	Totaal

2. Ontwerp 'n kosprentjie wat jy in jou piktogram kan gebruik.



